# NET EEN UIT 40 TEN GUNSTE VAN 'SILBERSTEINS'

PIETERSBURG.

SKERP KRITIEK is eergisteraand op 'n simposium van vyf Engelse en Afrikaanse kerke op Pietersburg uitgespreek teen Sewe Dae by die Silbersteins, die Hertzogprysboek deur Etienne Leroux.

Net een man uit 'n gehoor van sowat 40 mense kon ten gunste van die boek praat. Hy het daarop gewys dat die skrywer die kwade dinge waaroor daar in die boek geskryf word, nie voorstaan of verdedig nie. 'n Kunstenaar glo dat hy die reg het om sowel goed as kwaad te benader, het hy gesê.

**ONGEWENS**

Die hoofspreker, ds. A. P. Potgieter van die N.G. Kerk Capitalpark, Pretoria, het gesê die boek val in dieselfde kategorie as André P. Brink se Lobola vir die Lewe en rolprente soos Irma la Douce en Boccacio 70 — wat hy as ongewens beskou. „Hierdie boeke kom nie van ons mense nie, maar is deur die buiteland geïnspireer."

Ds. Potgieter het gesê Sewe Dae by die Silbersteins is vol godslastering en die bestaande Publikasieraad is nie bevoeg om „ons teen hierdie dinge te beskerm nie."

**SESPUNTEPLAN**

Prof. A. B. du Preez, hoogleraar in Dogmatiek aan die Universiteit van Pretoria, het 'n sespunteplan aan die hand gedoen waarin onder meer voorgestel word dat verteenwoordigers van kerklike en vroue-organisasies ook in die Publikasieraad aangestel word, dat skrywers versoek word om „gewenste" leesstof te skryf en dat jeug- en ander organisasies van goeie literatuur bewus gemaak word.

Die organiseerder van die simposium, die eggenote van ds. M. S. Joubert van die N.G. Kerk Pietersburg, het gesê Sewe Dae by die Silbersteins is 'n bespotting van God, die godsdiens en die huwelik. (SAPA.)